

PASTORALE SORG AAN HOMOSEKSUELE PERSONE EN/OF MENSE NA AAN HULLE

*Prof J C Müller en J Beyer¹
Dept Praktiese Teologie
Universiteit van Pretoria*

ABSTRACT

PASTORAL CARE TO HOMOSEXUAL PERSONS AND/OR PEOPLE CLOSE TO THEM

Pastoral care to homosexual persons and those close to them is discussed from the perspective of George Lindbeck's (1984) theological typologies. The cultural-linguistic model is emphasised, its links to narrative practice made clear, and is explored with the concrete situation of homosexuality in mind. A case study is presented and the development of the pastoral-therapeutic process on a narrative basis is described.

1 PASTORALE SORG: 'N TEOLOGIESE POSITIONERING

Pastoraat is 'n teologiese konsep wat 'n ooreenkoms met die begrippe *terapie* of *berading* vanuit die sosiale wetenskappe toon. Die metafoer van die *sorgende herder* is tradisioneel onderliggend aan ons verstaan van wat pastorale sorg is. Daarvolgens is pastorale sorg omvattend van aard; so omvattend soos 'n herder se sorg vir sy skape. Dit is fisies, maar méér as fisies; dit is psigies, maar ook méér as psigies. Die metafoer help ons inderdaad om pastorale sorg in 'n holistiese sin te verstaan. Daarom bly dit nog altyd 'n beter en meer inklusiewe term as byvoorbeeld die ewe bekende *sielsorg* (Duits: *Seelsorge*) wat afgelei is van die Latyn *cura animarum* (versorging van siele). Laasgenoemde metafoer bied egter ook 'n waardevolle

¹ Johan Beyer is tans 'n navorsingsassistent in die Departement Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria en het ook sy MA onder die leiding van Prof Julian C. Müller voltooi.

perspektief, omdat dit die spirituele element van hierdie sorg beklemtoon.

Vir die verstaan van wat pastorale sorg is, het ons metafore nodig omdat ons iets wil probeer uitdruk van die misterie dat God deur gewone menslike optrede ook teenwoordig is. Anders as by die ander professies, word hier gewerk met die veronderstelling dat die sorg wat gebied word op 'n manier goddelik is. Daar word 'n behoefte aan 'n ervaring van goddelike teenwoordigheid veronderstel.

Pastorale sorg beweeg in die komplekse veld van geloofs-ervaringe -- daar waar mense voel dat hulle lewe deur die goddelike geraak en aangeraak word. Die *coram deo*-ervaring (voor die aangesig van God) is hier veel meer 'n implisiete en eksplisiete verwagting as in die geval van die ander professies. Dit beteken natuurlik nie dat dié ervaring die alleenreg is van die pastorale situasie nie. Inteendeel, dit kan soms méér realisties buite die kring van die pastorale sorg en beraad ervaar word. God word soms op die mees onverwagte plekke ontdek! Tog is dit die kenmerkende van pastorale sorg dat daar doelbewus gepraat sal word oor en gesoek sal word na die ervaring van die teenwoordigheid van God. Hierdie voorveronderstelling werk soms heilsaam in op die pastorale situasie, maar het soms ook 'n negatiewe uitwerking omdat dit die spontaneïteit kan wegneem en ruimte laat vir pogings om die goddelike te probeer manipuleer. 'n Wyse lektor het eenmaal opgemerk: “'n Pastor moenie dink hy of sy kan God teenwoordig maak deur sy woorde nie.”

Deur die loop van die geskiedenis is verskillende metafore ontgin om uitdrukking te gee aan die geloof in, en hoop op 'n misterieuze ontmoeting met God. Bo en behalwe die reeds gemelde metafore van die *herder*, *herderlike sorg* en *sielsorg*, het daar ook ander metafore verskyn soos *kerugmatiese*² pastoraat, *hermeneutiese*³ pastoraat en *narratiewe*⁴ pastoraat, om maar enkeles te noem.

Elkeen van hierdie metafore word natuurlik gedra deur onderliggende teologiese uitgangspunte oor 'n verskeidenheid van sake. Onderliggend aan enige pastorale model lê daar met ander woorde 'n *teologiese paradigma*. 'n Pastorale model verwoord en beliggaam

2 Eduard Thurneysen met sy boek, *Die Lehre von der Seelsorge* (1946), word gewoonlik aan hierdie metafoer verbind.

3 'n Bekende eksponent van hierdie benadering is Gerben Heitink (1998).

4 Hierdie ontwikkeling is relatief nuut en kan gekoppel word aan name soos Charles Gerkin (1997) en Julian Müller (2000).

iets van die betrokkenes se geloof in die skepping, in die verlossing en in die werking van die Gees. Daar is ook altyd 'n uitgesproke of onuitgesproke *teologiese epistemologie* -- 'n beskouing oor kennis; oor hoe ons iets oor God en God se waarheid te wete kom; oor ons beperkinge en ons moontlikhede om die openbaring te peil; oor wie, waar en wanneer uitsprake oor die goddelike gemaak kan word. Pastorale modelle bly relatief konstant na aanleiding van die teologiese paradigmas waarop bepaalde modelle geskoei is, maar ten spyte hiervan vind ons dat mense deurgaans verbasend goed kon improviseer en teoretiseer oor allerlei teologiese sake. Sosiale konstruksie ontstaan, versprei, word geverifieer en vasgelê as “Skryftuurlike waarhede”(Freedman & Combs 1996).

Die teologiese tipologieë, soos verwoord deur George A Lindbeck (1984), verskaf 'n goeie basis aan die hand waarvan nagedink kan word oor die ontwikkeling van hierdie metafore in die pastorale teorievorming. Volgens hom is teologieë geneig om aan die hand van een van drie modelle te ontwikkel, naamlik:

- Die proposisionele model
- Die ervarings-ekspressiewe model
- Die kultureel-linguïstiese model

Die *proposisionele* model verteenwoordig die siening dat godsdienstige waarhede deur vaste teologiese proposisies uitgedruk kan word. Hiervolgens is daar 'n baie nou verband en selfs gelykstelling tussen die waarheid en ons formuleringe van die waarheid. Dit werk met die uitgangspunt dat daar 'n objektiewe waarheid bestaan wat vasgevang en uitgedruk kan word in belydenisuitsprake. Om 'n gelowige te wees binne hierdie denkraamwerk beteken om sekere fundamentele waarhede, soos in 'n bepaalde teologie en belydenis geformuleer, te aanvaar. In die veld van pastorale terapie, dink ons dadelik aan die werk van Jay E Adams (1973) of Richard B Hays (1996). Hays (1996:388) sê onomwonde dat “homosexual activity will not incur God's punishment: it is its own punishment, and 'antireward”.

Die *ervarings-ekspressiewe* model word deur Lindbeck (1984) as 'n benadering getipeer wat nie gebaseer is op die idee van 'n objektiewe waarheid en teologiese proposisies nie, maar op 'n algemene kern van menslike godsdienstige ervarings. Hierdie ervarings vind binne verskillende kulture en op verskillende uitdrukkingsvorme

plaas. Die werk van Friedrich Schleiermacher (1928), die 19de eeuse teoloog wat beskryf word as die vader van die moderne Protestantse Teologie, is die bekendste eksponent van hierdie teologiese model. Schleiermacher het sy teologie begrond in die algemene menslike ervaring van algehele afhanklikheid. Volgens hierdie model word teologiese formuleringe gesien as pogings om antwoorde te verskaf op menslike ervarings.

Dan is daar die *kultureel-linguistiese* model, wat deur Lindbeck (1984) verkies word. Hy beskryf hierdie benadering soos volg:

... religions are seen as comprehensive interpretive schemes, usually embodied in myths or narratives and heavily ritualized, which structure human experience and understanding of self and the world (Lindbeck 1984:32).

Teologie is dan die poging om 'n bepaalde religieuse kultuur, soos dit beliggaam word in verhale en rituele, te verobjektiveer. Gerkin (1997:108) gebruik die term *grammar* om hierdie teologiese model te verduidelik. Binne 'n bepaalde godsdienstige omgewing of kultuur word godsdienstige taal gebruik en aangeleer. Teologie is vergelykbaar met die grammatika van daardie godsdienstige taal. Teologie is nie soseer 'n opstapelning van 'n aantal belydenisse nie, maar 'n taal wat binne 'n kultuur gebruik word en wat vorm gee aan ons subjektiewe ervarings. Dit is nie eerstens 'n manifestasie van ons indi-viduele, subjektiewe ervarings nie, maar 'n konstruering daarvan. Deur die taal wat binne 'n bepaalde kultuur tot ons beskikking is, konstrueer ons ons godsdienstige ervarings. Lindbeck (1984) se bespreking en verduideliking van die kultureel-linguistiese model is nou verwant aan die narratiewe metafoer en sosiaal konstruksionisme, en is daarom die model wat deur die outeurs verkies word. Die basiese aannames van die sosiaal konstruksionisme kan as volg opgesom word (Beyer, Du Preez & Eskell-Blokland 2007):

- Ons realiteite word deur taal gekonstrueer.
- Realiteite word deur sosiale interaksie tot stand gebring.
- Die narratief dien as houer (*container*) vir konstruksies.
- Tydens die proses van konstruering, skep ons die toekoms.
- Daar is geen essensiële waarhede nie.

Dit is duidelik hoe die kultureel-linguistiese model met die teorie en praxis van narratief-terapeutiese benadering ooreenkom.

Gebaseer op die teologiese modelle van Lindbeck (1984), ontwikkel daar pastorale teorieë en diverse pastorale benaderings.

'n Pastoraat wat groei uit die *proposisionele model* sal veral geïnteresseerd wees in die artikulasie van bepaalde teologiese proposisies en die toepassing daarvan in mense se lewens. Die verwagting is dat dit geglo en aanvaar moet word. Hiervolgens word die pastor die tussenganger tussen God en mense en dra hy/sy die verantwoordelikheid daarvoor om die wil van God, soos vervat in teologiese proposisies, sorgvuldig te verwoord en dit met gesag aan die hoorder oor te dra. Eduard Thurneysen (1946) se *kerugmatiese* pastoraat is 'n tipiese voorbeeld hiervan. Ons het vroeër ook na Jay E Adams (1973) verwys en sy bekendheid as iemand wat vaste waarhede duidelik en onomwonde uitdruk: "... he (the homosexual) must so restructure the course of his life as to avoid places in which homosexual contacts frequently have been or may be made. Rescheduling daily activities as fully as possible also aids(...) To counsel homosexuals, counsellors must get a commitment for *total structuring* (Adams 1973:408 - 409).

Adams (1973) intensifiseer sy standpunt deur te waarsku dat homoseksualiteit elke aspek van 'n persoon se lewe deurdring:

Homosexuality should be regarded as a sin that pervades every area of life and therefore necessitates diversified attention (Adams 1973:409 - 410). Exclusive focus on the problem, homosexuality, is simply not enough. As a counsellor, one is required to find ways in which temptation may be avoided in all areas of life. It is even suggested that *sleep deprivation* and *rectal problems* may lead to homosexual sin (Adams 1973:41 in Beyer 2004:46)!

Die pastorale benadering wat uit die *ervarings-ekspressiewe* model groei, sal uiteraard meer ingestel wees op die *erkenning van die ervaringe* en *unieke geloofsuitdrukking* van die persoon met wie gewerk word. Gerkin (1997:107) sê dat die twintigste eeuse pastorale beraders meestal dié benadering gevolg het. Daar word gefokus op die konkrete ervaringe van mense en dan word daar 'n soort dialoog geopen tussen daardie ervaringe en religieuse simboliek. Dikwels word, sonder om dit te besef, op dieselfde spoor geloop as Tillich

(1951) met sy korrelasie-model: menslike ervaringe roep die vrae na vore en teologie soek die antwoorde daarop.

Onlangs het een van ons met 'n persoon gewerk wat die pastoor van sy gemeente hoor sê het dat die “Here in jou hart kan woon, maar dat jy steeds sekere duiwels in jou kan hê as jy rook of pille drink, depressie het, homoseksueel is ensovoorts. Toe ek vra of “duiwels” na sonde verwys, het hy pertinent geantwoord dat hierdie duiwels antagonistiese, bonatuurlike entiteite is. Met ander woorde, God en die duivel bly as't ware as bure langs mekaar. Die antwoord was duidelik: die jongman se *ervaring* (skuldgevoelens oor die feit dat hy gay is) is *geantwoord of gekorreleer* deur demoonbesetting (en dit ten spyte van sy uitgesproke geloofsverklaring!).

Die *kultureel-linguistiese* model bied na ons mening die meeste moontlikhede vir 'n vrugbare pastorale gesprek. Binne hierdie model wil pastorale sorg nie net 'n korrelasie bewerkstellig tussen 'n menslike ervaring en 'n teologie wat antwoorde verskaf nie, maar 'n konneksie tussen 'n verskeidenheid van verhale: Die verhale van die individu, die gesin en familie, die gemeenskap en ook die fundamentele verhaal van die Christelike geloofsgemeenskap. Die taak van die pastor is dan juis om 'n gesprek te fasiliteer waarbinne die konneksies ontdek, ontgin en in stand gehou, maar ook uitgebou en hergedefinieer kan word. Hierdie verbindings is natuurlik soms gelaai met spanning. Soos die spanning tussen 'n individu en sy/haar individuele of familiestorie; of die spanning tussen die individuele, die gesins- en die kerklike verhaal. Gerkin (1997:112) sê: “The fit between the particularity of life stories and the Christian story is never exact. They virtually always stand in some degree of tension with each other.”

Omdat die klem in hierdie model so sterk op taal en daarom op verhale geplaas word, word dit ewe sterk op interpretasie geplaas. Maar dan nie soos wat dit in die ander twee modelle maklik gebeur, 'n interpretasie vir en in belang van die “kliënt” nie, maar 'n aanmoediging en uitnodiging tot self-interpretasie. Daarom kan die pastorale benadering wat op hierdie model ontwikkel, bestempel word as 'n narratief – hermeneutiese benadering.

Die metafoor wat by hierdie benadering pas, is lank nie meer die herder of die sielsorger nie, omdat daardie metafore te veel van 'n van-bo-na-onder-benadering veronderstel. Dit plaas die pastor op 'n onregmatige manier tussen God en die “skape” en dit bied nie moontlikhede vir selfontplooiing en -ontwikkeling nie. Binne hierdie model van teologisering sou mens dan liever aan die pastor wil dink

as 'n toergids of 'n kunsonderwyser of selfs 'n mentor - almal metafore wat ruimte maak vir die gedagte van die fasilitering van 'n proses van selfontdekking.

2 PASTORALE SORG EN HOMOSEKSUALITEIT

In hierdie gedeelte sal ons nadink oor die implikasies van die teologiese tipes vir die pastoraat aan persone wat deur homoseksualiteit geraak word. Alvorens ons hiermee voortgaan, behoort ons eers oor die aard van homoseksualiteit op sigself na te dink. *In wese*, verwys die hedendaagse woord “homoseksueel” na 'n persoon wat agetrokke voel tot individue van dieselfde geslag. Hierdie attraksie is reeds vir jare bloot op 'n erotiese vlak beskryf, wat die gevaarlike diskoers van promiskuiteit rondom homoseksuele (of gay) mense laat ontstaan het (Beyer 2004). Die idee dat homoseksuele mense promisku is, en nie die sfere van liefde, trou, verbintenis en getrouheid kan betree nie, is steeds baie sterk. Die genadeloosheid van sulke oorvereenvoudigde meta-narratiewe het reeds massiewe skade onder gay mense veroorsaak. En tog het homoseksuele individue geen keuse met betrekking tot die vorming van hul seksuele oriëntasie nie. Boonop is die begrip “homoseksueel” bitter jonk, en het in 'n konteks ontstaan wat moeilik vergelykbaar is met die Ou Testamentiese en Pauliniese tekste wat as wapens teen gays gebruik word (Beyer 2004; Foucault 1990). Die outeurs is nie in staat om hierdie aspekte binne die bestek van die artikel te bespreek nie, maar voel tog dat Foucault (1990) in dié verband aangehaal kan word.

Originally, sodomy was considered a mere class or category of illicit acts... the perpetrator of these acts was considered nothing more than the juridical subject of them. The person who was convicted of sodomy was not believed to be same - sex oriented, as it were, by biological inclination or by individual character formation and development. The birth of the homosexual *personage* thus intercepts with history much later and only at the end of the nineteenth century. It was during this time that the homosexual became a “species”, a certain type of individual that could be categorised by means of his curious, inverted sexuality. The nineteenth century homosexual became

a personage, a past, a case history, and a childhood, in addition to being a type of life, a life form, and a morphology, with an indiscreet anatomy and possibly a mysterious physiology. Nothing that went into his total composition was unaffected by his sexuality. It was consubstantial with him (Foucault 1990:43).

Binne die *proposisionele teologiese model*, sou daar oor homoseksualiteit moontlik die volgende proposisies of stellings gemaak kon word:

- Homoseksualiteit is onnatuurlik en geheel-en-al verkeerd.
- 'n Homoseksuele oriëntasie is aanvaarbaar, maar alle gedrag wat daaruit voortspruit is sonde.
- 'n Homoseksuele oriëntasie is aanvaarbaar, maar slegs selibate gedrag is vir sulke persone aanvaarbaar.

Enige poging om meer genuanseer oor homoseksualiteit te dink en te praat sou per definisie nie pas binne hierdie teologiese model nie, aangesien dit in sy geheel gebou staan op proposisies, wat gewoonlik geneig is tot oorvereenvoudigde formulerings.

'n Pastorale model wat op hierdie benadering geskoei is, sou dus hoogstens die homoseksuele persoon kon aanvaar, maar daarmee saam dan altyd 'n aandring op, of verkondiging van 'n selibate lewenstyl. Dit word 'n ongenaakbare “pastoraat” wat met voorafingename proposisies, sonder aansien des persoon, die “waarheid” verkondig. Ongeag die konteks en agtergrond, word die homoseksuele persoon eenvoudig gekonfronteer met slegs een opsie waarvolgens aan die Bybel getrou gebly kan word. Sulke pastors sal gewoonlik van clichés gebruik maak wat min of meer soos volg klink: “Ek aanvaar jou met die liefde van Jesus, maar die Bybel laat my geen ander keuse as om van jou te verwag om jou homoseksuele aard op geen manier uit te leef nie.” of “Ek het die sondaar lief, maar haat die sonde.” Iets wat ons teen die bors stuit, is die uitdrukking dat die verhale van homoseksuele mense eintlik maar van mindere belang is as dit wat in die Skrif staan (Potgieter 2007). Met so 'n uitdrukking word alle vorme van sosiaal gekonstrueerde verandering deur die geskiedenis met 'n enkele donderslag uit ons verlede verwyder. Homoseksualiteit, soos *ons dit verstaan*, bestaan en het bestaan *semper ubique et ab omnibus*. Vir Potgieter (2007: 29) word

die ontstaan van 'n homoseksuele oriëntasie toegeskryf aan 'n “gebroke werklikheid”.

'n Ruk gelede het 'n taakspan van die Oos-Transvaalse sinode (van die NG Kerk) gemoeid met leer en aktuele sake, bymekaar gekom om die “ongemaklike” saak van homoseksualiteit te bespreek. 'n Lid verantwoordelik vir teologiese besinning oor die saak, het aandagtig na alles geluister. Nadat die verteenwoordigers hul stories vertel het, en ek (JB), wat laaste op die lys was, ook my bydraes gelewer het, was sy woorde aan my: “Wie moet ek nou eintlik glo? Vir jou of vir Paulus?”

Dit is as gevolg van die proposisionele teologie dat duisende gay-lidmate steeds van die kerk vervreem word en deur hulle dominees verwys word om aan die onmenslikste vorme van terapie, soos aversie-terapie, onderwerp te word. In 'n pastoraat waar teologiese formulerings gelykgestel word aan die waarheid, kom alles eventueel daarop neer dat die sondaar hom/haar moet bekeer om in ooreenstemming te kom met die bepaalde proposisies. Dit maak nie saak of hulle kan of nie. Hulle moet!

Die tweede model, naamlik die ervarings-ekspressiewe model bied meer moontlikhede vir verantwoordelike pastorale optrede teenoor mense wat leef met homoseksualiteit. Dit gee ten minste erkenning aan menslike ervaringe en maak ruimte daarvoor dat dit uitgespreek en bespreek kan word. Dit maak ruimte vir 'n meer gesofistikeerde heen-en-weer beweging tussen ervaringe en 'n teologiese verstaan deur 'n proses van korrelasie. Die meer genaakbare pastorale benaderings wat in die afgelope dekades beslag gekry het, het grootliks uit hierdie model van teologiebeoefening gespruit. Dit het daartoe gelei dat aan die gay-gespreksgenoot 'n eerlike geleentheid gegee is tot selfekspresie. Hulle is ten minste nie by voorbaat as sondig afgeskiet nie.

Tog het pastorale gesprekke ook binne hierdie benadering dikwels doodgeloop omdat rigiede en onkontekstuele skrifinterpretasie die korrelasie by voorbaat onvrugbaar gemaak het. Dan word die pastorale proses met die homoseksuele persoon eintlik nog meer ongenadig as binne die proposisionele model, want die gevaar is dat binne hierdie meer genaakbare proses, valse hoop gewek word en dat die pastorale diskussies uitgereg word om tog maar uiteindelik by dieselfde ongenaakbare cliché te eindig: “*Want die Skrif laat ons geen ander keuse nie!*”

Met dieselfde soort teologie kan natuurlik 'n soortgelyke, maar teenoorgestelde standpunt gevorm word, wat ewe onwrikbaar vanuit

'n bepaalde interpretasie gehandhaaf word. Dan word homoseksualiteit met ewe veel passie vanuit teologiese proposisies verdedig. En dan gaan dit eweneens nie oor mense van vlees en bloed nie, maar oor 'n kategorie van mense wat ten alle koste verdedig moet word.

Vanuit die perspektief van die *kultureel-linguistiese* model kan persone wat deur homoseksualiteit geraak word, op 'n betekenisvolle wyse begelei word. Die pastor wat op hierdie basis werk sal so 'n persoon nooi om sy/haar verhaal vanuit verskillende perspektiewe te vertel. Saam sal hulle dan op 'n sosiaal konstruksionistiese wyse werk aan herinterpretasies en die ontwikkeling van alternatiewe verhale wat nuwe moontlikhede open. Op dié wyse word die konneksies tussen die netwerk van verhale weer bedink en hervertel met die oog daarop om nuwe moontlike konneksies te ontgin. Die verband (verbond) met die grondverhaal van die Christelike geloof word binne die konteks van homoseksualiteit van nuuts af bevraagteken, bevestig en desnoods gewysig ten einde 'n unieke en betekenisvolle uitdrukking van Christelikheid te vind.

Vroeër is reeds na Gerkin (1997) verwys wat sê dat die konneksie tussen individuele verhale en die groot verhaal van die Christelike geloof soos deur die tradisie oorgedra, dikwels deur persone as gespanne ervaar word. By homoseksuele mense is dit byna deurgaans die geval. Hulle vind dit moeilik en meestal onmoontlik om hulle eie persoonlike storie, wat hulle geaardheid insluit, in te pas by die Christelike en veral die kerklike diskoers. Met 'n narratiewe benadering tot pastorale sorg kan hierdie onpasbaarheid betekenisvol aangespreek word.

3 HOMOSEKSUALITEIT EN 'N NARRATIEWE BENADERING TOT PASTORALE BERAAD

Die narratiewe benadering tot pastorale beraad vind basies neerslag in twee aksies:

- Storievertelling
- Storieontwikkeling

Verskeie teoretici en beoefenaars van narratiewe terapie⁵ gaan op verskillende kreatiewe wyses te werk om inhoud te gee aan bogenoemde twee aksies. Maar uiteindelik is hulle dit grootliks met mekaar eens dat dit gaan oor vertellings, hervertellings en die verbeelding van “*preferred realities*” (Freedman & Combs 1996). Ten einde hierdie pastorale benadering te illustreer word daar nou gebruik gemaak van 'n gevallestudie en die gesprek word gevisualiseer aan die hand van Müller se “Vyf bewegings” soos uiteengesit in sy boek, *Reis-geselskap* (2000). Die name en besonderhede is fiktief en enige ooreenkoms met 'n werklike verhaal is bloot toevallig.

Pieter is 'n man van 34. Hy werk tans in Botswana in die toerismebedryf. Sy pa is in 'n jagongeluk oorlede toe hy maar 12 was en hy en sy suster is deur hulle toegewyde ma alleen grootgemaak. Hy is die oudste en het die goeie Christelike waardes van sy ouers heelhartig aangeneem en nog altyd uitgeleef. Hy weet al van adolesensie af dat hy gay is, maar het dit eers ontken en toe op allerlei maniere daarteen probeer beveg. Hy het dit veral vir sy ma probeer wegsteek, omdat hy haar ten alle koste nie wou seermaak nie. Sy is 'n toegewyde Christen wat 'n reguit pad probeer loop en hy het geweet dat homoseksualiteit nie vir haar 'n aanvaarbare saak is nie. Dus het hy maar bly stry teen sy oriëntasie en telkens weer met meisies uitgegaan en 'n paar keer selfs vir sy ma vertel dat hy ernstig is met 'n meisie, terwyl hy self geweet het dat sy maar net 'n goeie vriendin is. Wanneer sy ma en veral die plattelandse familie hom dikwels skertsend en spottend uitgevra het oor wanneer hy dan gaan “afhaak”, het hy maar saamgespeel en die regte soort antwoorde probeer gee.

Hy was in sy laat twintigs toe hy die werk in Botswana gekry het as bestuurder van 'n Lodge. Terwyl hy daar gewerk het, het hy met baie mense te doene gekry, maar ook baie ure alleen deurgebring. Dit het hom gehelp om vrede te maak met sy andersheid: hy was nie aangetrokke tot meisies nie en hy vind mans aantreklik en smag daarna om in 'n vaste verhouding met 'n man te lewe. Dit het hom nog 'n hele paar jaar geneem voordat hy die moed kon byme-

5 Byvoorbeeld Michael White en David Epston; Freedman & Combs; en binnelands: Dirk Kotze en medewerkers by die Institute for Therapeutic Development by Unisa, André Botha en medewerkers by Coram Deo, Julian Müller verbonde aan die Universiteit van Pretoria.

kaarskraap om dit vir sy ma te sê. 'n Jaar gelede was hy met vakansie by die huis toe het hy die nuus aan sy ma oorgedra het. Sy het nogal verbasend simpatiek en begrypend gereageer, maar onmiddellik in 'n staat van ontkenning inbeweeg. Vir die res van die vakansie het sy nie daarvoor gepraat nie en teen die einde van die vakansie weer teruggeval in die ou manier van spot en terg oor wanneer hy dan die regte meisie sou kry. Veral toe die plattelandse familie kom kuier het vir Kersfees, was die gesprekke maar weer net soos altyd. Dit het Pieter diep ongelukkig en verstote laat voel. Hy het geen hoop gesien vir die toekoms nie, in depressie verval en selfmoord ernstig begin oorweeg. Net sy liefde vir sy ma en wat die effek daarvan op haar sou wees, het hom teruggehou.

Aan die einde van daardie vakansie het hy met 'n gemaakte vrolikheid sy ma gegroet en is hy diep terneergedruk terug na Botswana. Sy het aan die ander kant sy vrolikheid geïnterpreteer as 'n terugkeer na sy ou self en sy het vas geglo dat hy net vir 'n tydjie verward was en sekerlik homself gou weer sal vind. As hy maar net die regte meisie kan ontmoet ...

Maartmaand van daardie jaar het hy 'n man ontmoet -- 'n ouditeur wat in die nabygeleë dorp werk. Hulle was dadelik aangetrokke tot mekaar. Uiteindelik was hy gelukkig! Ook dolverlief. Hy en Danie kon mekaar nie genoeg sien nie en daar het 'n intieme liefdesverhouding tussen hulle ontwikkel. Hy het vir sy ma laat weet dat hy iemand ontmoet het en verlief is. Sy het terug ge-e-pos en gevra: "Wat is haar naam en wat doen sy?"! Toe het hy beseft dat die boodskap nog nie by sy ma ingesink het nie. Hy het die feite vir haar gegee en daar het 'n lang stilte gevolg. Toe sy weer kontak maak, het sy dit weereens geïgnoreer -- gemaak of daar nooit enige kommunikasie oor Danie was nie.

Na 'n jaar het hy weer met vakansie huistoe gekom. Hy wou bitter graag vir Danie saambring en aan sy ma voorstel, maar hy het beseft dat die tyd daarvoor nog nie reg is nie. Hierdie keer het die boodskap egter tot sy ma deurgedring. Hy het haar volledig ingelig oor Danie en hulle verhouding en dat hy in 'n vaste liefdesverhouding staan. Die volgende episode was een van heftige konfrontasie oor die Bybel. Sy ma het intussen leesstof versamel van fundamentalistiese skrywers wat homoseksualiteit veroordeel en sy het haar seun, wat nog altyd voorbeeldig en godsdienstig was, met tekste gebombardeer. Hy was moedeloos en weereens terneergedruk en het by 'n pastorale terapeut om hulp gaan aanklop.

Daar het 'n aantal gesprekke gevolg en dit word nou beskryf aan die hand van die “Vyf bewegings”

1 Die noodverhaal

Pieter word genooi om te vertel van sy krisis. Dit blyk dat sy krisis nie sy homoseksuele oriëntasie is nie. Dit het hy deur jare se worsteling aanvaar as 'n gegewene waaraan hy niks kan doen nie. Hy wil dit ook nie meer verander nie. Sy krisis is sy ma. Hy is besonder na aan haar en wil haar nie seermaak nie, aan die ander kant kan hy nie met 'n leuen ter wille van haar lewe nie. Hy voel ook seergemaak dat sy oriëntasie deur haar verwerp word.

Die pastorale terapeut het hom kans gegee om sy verhaal ten volle te vertel. Hy is toegelaat om die noodverhaal van alle kante te belig: Wanneer is dit 'n probleem? Vir wie is dit die grootste probleem? Onder watter omstandighede ervaar hy die probleem op sy ergste? Wanneer is die probleem die maklikste hanteerbaar?

2 Die verledeverhaal

'n Krisis het ook 'n geskiedenis. Pieter word daarom gevra om na te dink oor die ontwikkelingsgang van hierdie probleem. Wanneer het hy vir die eerste keer bewus geraak van sy ma se afwysende houding? Hoe kom dit dat sy so sterk daarvoor voel? Het daar enige verandering ingetree in haar houding in die jare wat verby is? Eerder verharding as versagting? Waarom sou dit so ontwikkel het?

Met hierdie vrae probeer die terapeut om vir Pieter te help om die krisis binne 'n bepaalde konteks te plaas en te verstaan. Deur na te dink oor die geskiedenis van sy ma se houding en oor die verlede van haar gesindheid, word hy gehelp om ook haar posisie beter te verstaan.

3 Die verduisterde toekomsverhaal

Wat beteken hierdie probleem vir sy toekoms? In antwoord op hierdie vraag kom die eintlike pyn na vore. Pieter sien nie meer kans vir die toekoms nie. Hoewel hy uitsien om terug te keer na Botswana en by sy geliefde te wees, is hy ook ontsettend bang, want hy kan nie sy ma net afskryf nie. Sy ma het ook al daarvan gepraat om vir hom te kom kuier. Hy word skoon benoud as hy daaraan dink. Hoe gaan

sy reageer as sy vir Danie ontmoet en agterkom dat hulle twee werklik in 'n liefdesverhouding staan?

Sy toekomspektief is heeltemal verduister. Dit is asof hy na niks meer kan uitsien nie en as hy probeer vorentoe dink, verval hy in 'n moedeloosheid en 'n depressie. Hy het werklik al selfmoord oor-weeg. Dan is die probleem vir sy ma uit die weggeruim.

4 Herinterpretasie van die verledeverhaal

Met verskillende vrae word Pieter genooi om op alternatiewe wyses oor die probleemverhaal te dink (Freedman & Combs 1996).⁶ Hy is moontlik bevrees vir sy ma se reaksie, maar as hy gelei sou kon word om onbevange na te dink oor haar verbondenheid aan hom en oor haar vermoë om aan te pas by nuwe gedagtes, sou hy gerusgestel kon word.

Dit is inderdaad wat in die gesprek gebeur het. Met die terugloop op die geskiedenis en die nadink oor sy ma en hoe sy al aangepas het in verskeie kontekste, kry hy moed dat sy hom tog nie sal verwerp nie, maar sal aanvaar wat onafwendbaar is.

In die proses van herinterpretasie word hy ook weereens gekonfronteer met die vraag of sy ma moontlik reg kan wees? Is sy nie tog dalk reg en moet hy nie maar weer probeer om te verander en eenvoudig sy gay-oriëntasie as sonde sien nie?

Dit lei tot lang gesprekke oor die Bybeltekste wat gewoonlik gebruik word om aan te toon dat homoseksualiteit 'n sonde en nie 'n natuurlike oriëntasie is nie. Dit blyk dat hy al heelwat hieroor gelees het en self oortuig is daarvan dat die tekste nie gebruik kan word om dit wat hy in homself as 'n gegewene ervaar te veroordeel nie. Hy glo ook nie dat die Bybel van hom, bloot omdat hy anders geaard is, 'n ander etiek vermag as van sy heteroseksuele medegelowiges nie.

Aan die ander kant wil hy graag sy seksuele optrede en sy verhouding aan dieselfde Bybelse norme van wedersydse respek, liefde en trou onderwerp.

Hy word deur die pastorale terapeut gevra of hy nie dink sy ma sou ook tot dieselfde insigte sou kan kom nie? Het hy al ooit hierdie teologiese gesprek met sy ma gevoer? Nee, hulle het nog nie regtig in diepte daaroor gesels nie. Hy sien maar net dat daar ander soort

⁶ Verskillende tegnieke, soos eksternalisering word gebruik. Meer daarvan kan in Freedman & Combs (1996) en White en Epston (1990) gelees word.

boekies in sy ma se huis rondlê -- die soort literatuur wat erg veroordelend is en wat die Bybel letterlik teen homoseksualiteit interpreteer. Maar hy dink tog dat sy met die regte leiding in staat is tot 'n ander verstaan van die Bybeltekste. Noudat hy daarvoor dink, moet hy sê dat sy ma nog nooit een van daardie fundamentalistiese soort Christene was nie. Die plattelandse familie wel, maar sy ma was nog altyd krities teen 'n oorvroom en oorvereenvoudigde benadering tot die geloof.

Die terapeut en Pieter gesels oor die moontlikheid dat sy ma genooi kan word om saam met hom vir 'n sessie te kom, sodat hulle die teologiese aspekte kan bespreek. Hulle besluit om haar te nooi en binne 'n paar dae word 'n afspraak vir hulle saam gemaak.

5 Verbeelding van 'n nuwe toekomsverhaal

Die finale sessie word met Pieter en sy ma gevoer. Hulle word aangemoedig om te praat oor wat nodig is vir hulle om met goeie verhoudinge saam die toekoms in te gaan. Pieter se ma vertel van haar liefde en respek vir haar seun, maar aan die ander kant vir haar erns oor die Bybel en Bybelse beginsels. Die gesprek gaan uiteindelik oor die Bybelse interpretasie van homoseksualiteit. Sy aanvaar dat haar seun nie gekies het om so te wees nie, maar dat hy na 'n lang stryd tot aanvaarding van homself gekom het. Sy wonder net of die Bybel dan nie van hom verwag om selibaat te leef nie? Aan die ander kant gun sy hom geluk en die moontlikheid om in 'n intieme lewensverrykende verhouding te staan. Na 'n lang gesprek kom sy tot die oortuiging dat sy mislei is om te dink dat die Bybel gebruik kan word om homoseksualiteit as 'n sonde te veroordeel. Sy kom ook tot die insig dat die uitleef van 'n homoseksuele geaardheid nie noodwendig 'n promiskue lewenswyse behels nie. En sy is in elk geval daarvan oortuig dat haar seun hoë waardes het en nooit promiskuïteit sal aanvaar nie.

Uiteindelik vloei daar tranes van herontdekking en aanvaarding van mekaar. Die toekoms gaan vir Pieter oop omdat hy bevry is om in 'n verhouding te staan, dit uit te leef en steeds die goeie verhouding met sy ma te kan handhaaf.

4 OPSOMMEND

Opsommend kan die volgende stellings gemaak word:

- 1) Die aard van pastorale sorg en beraad word bepaal deur die teologiese paradigma waarbinne gewerk word.
- 2) 'n Teologie wat op tydlose waarhede gebaseer is en wat daardie waarhede net wil toepas op verskillende ervaringsgebiede, soos homoseksualiteit, bied weinig moontlikhede vir deernisvolle pastoraat.
- 3) 'n Teologie wat nederig genoeg is om te besef dat ons teologiese insigte nie gelykgestel moet word aan die Godsopenbaring nie, bied aan die ander kant ruimte vir 'n gesprek met integriteit.
- 4) So 'n pastorale gesprek werk nie met proposisies of insigte wat reeds vasstaan en net lineêr op die persoon wat met homoseksualiteit lewe, toegepas word nie. Dit maak volkome erns met die getuienis van die medegelowige wat in so 'n konteks lewe en soek saam na 'n betekenisvolle uitlewing van liefde tot God en liefde tot die naaste.
- 5) Die uiteinde van so 'n gesprek sou meervoudige dimensies kon aanneem:
 - a) Aanvaarding van 'n homoseksuele oriëntasie, maar tegelyk 'n besluit tot 'n selibate lewenswyse as die enigste sinvolle opsie.
 - b) Aanvaarding van 'n homoseksuele oriëntasie en die besluit om seksuele gedrag slegs binne 'n vaste verhouding uit te leef en jou aan die volgende Bybelse norme te onderwerp:
 - i) Wederkerigheid
 - ii) Liefde
 - iii) Trou
 - iv) Respek
 - v) Veiligheid
- 6) Die konsekwensie van hierdie teologie en so 'n pastorale benadering, is dat die kerk ook ernstig daaraan sal moet werk om sulke vaste verhoudinge nie net te erken nie, maar ook sanksie daaraan te verleen met die een of ander bevestiging of inseëning. Sodoende word die strukture en kerklike rituele ingespan om mense te ondersteun in die uitlewing van verantwoordelike Christenskap in hulle vaste verhoudinge.

5 BIBLIOGRAFIE

- Adams, JE. 1973. *The Christian counsellor's manual: the practice of nouthetic counselling*. Grand Rapids: Zondervan.
- Beyer, FJ. 2004. A narrative research study of gay persons' pastoral experiences: journeying from the past to the present and dreaming of the future. MA thesis, University of Pretoria.
- Beyer, FJ, Du Preez, E & Eskell-Blokland, L. 2007. Social constructionism, in *Contextualising community psychology in South Africa*, edited by M Visser. Pretoria: Van Schaik:37-50.
- Freedman, J & Combs, G. 1996. *Narrative therapy*. New York: WW Norton & Company.
- Foucault, M. 1990. *The will to knowledge: the history of sexuality*. Vol 1. London: Penguin Books.
- Gerkin, CV. 1997. *An introduction to pastoral care*. Nashville: Abingdon.
- Hays, RB. 1996. *The moral vision of the New Testament: a contemporary introduction to New Testament ethics*. New York: Harper Collins.
- Heitink, G. 1998. *Pastorale zorg: theologie, differentiatie, praktijk*. Kampen: Uitgeverij Kok.
- Lindbeck, GA. 1984. *The nature of doctrine: religion and theology in a postliberal age*. Philadelphia: Westminster Press.
- Müller, J. 2000. *Reis-geselskap*. Wellington: Lux Verbi.
- Potgieter, J. 2007. *Homoseksualiteit*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Thurneysen, E. 1946. *Die Lehre von der Seelsorge*. Zürich: Theologischer Verlag.
- Tillich, P. 1951. *Systematic theology*. Vol 1. Chicago: University of Chicago Press.
- Schleiermacher, FDE. 1928. *The Christian faith*. Edinburgh: T&T Clarke.